# WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

1 Joh. 4:6: "Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 4
Volume 1
Januarie 1998

Redaksie: Di. ALA Buys, GJ Meijer en dr. JG Meijer


## Redaksioneel

Elke lidmaat van die kerk is 'n gesalfde. Die salwing met die Heilige Gees beteken twee dinge: eerstens behels dit 'n roeping, 'n opdrag. Die Here roep sy kinders om profete, priesters en konings te wees, om Hom in die amp van gelowige ywerig te dien.
Tweedens, deur die salwing met die Heilige Gees skenk die Here aan sy kinders 'n heerlike belofte. Hy belowe om hulle bekwaam te maak en in staat te stel om in die krag van die Heilige Gees dié roeping te vervul. Hierdie bekwaammaking geskied op verskillende maniere. Elke kerklidmaat ontvang gawes om die profetiese, priesterlike en koninklike ampte te bedien.
Verder openbaar die Here in sy Woord die norme, die maatstawwe waaraan sy volk in die bediening van die amp van gelowige behoort te voldoen. Die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, is in die Skrif breedvoerig beskrywe. Hierdie hele wyse van diens moet amptelik in die erediens verkondig word. Prediking is 'n omvangryke taak. Hierdie taak kan uitgevoer word as die voortdurende gebed van die gemeente die predikers ondersteun.
Die roeping in die amp van die gelowige strek so wyd as wat die lewe is. Ons is profete, priesters en konings in die kerk, die huwelik, die opvoeding van ons kinders (ook in skoolverband), in ons beroep, as landsburgers, in ontspanning en in inspanning, altyd en orals.
Geen predikant, geen lidmaat, is individueel by magte om uit te spel hoe die norme van die Woord in elke situasie, van stap tot stap, in alle sektore van die lewe toegepas moet word om godvrugtig te lewe nie. Tog moet ons altyd en oral die wil van die Here ken. Vir die verwerwing van hierdie kennis bind die Vader sy kinders o.m. in 'n hegte eenheid saam. Hy gee hulle aan mekaar om die gawes wat elkeen het, tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aan te wend. Daar waar die lede van Christus se liggaam mekaar bystaan in die bediening van hulle ampte as gelowiges, blom die gemeenskap van die heiliges.
Die Here stel elke lidmaat van die kerk in staat om nie net afsonderlik nie, maar ook saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is (Ef 3:18). Saam, in die gemeenskap van die heiliges, deur harde werk in o.a. studieverenigings, sal die gelowiges die diepte van Christus se liefde en die omvang van die diens van God in die hele lewe ten volle verstaan.
"Waarheid en Dwaling" wil hierdie samewerking by die uitoefening van die amp van gelowiges in die kerk en die koninkryk van God ondersteun. Dit is die doel van hierdie blad op die pad vorentoe.
Mag die Here die skrywers en lesers in 1998 seën en trou maak in die bediening van die hoë ampte van profete, priesters en konings waarmee Hy hulle uit genade, alleen ter wille van die verdienste van Christus, beklee het.

WD

**INHOUD:**


★ **Skrifoordenking: Roeping**

Ds. G.J. Meijer ........ 2

★ **Die Derde Weg - teen menseregte én teen diktatuur**
*...Dit gaan hier oor die roeping om gereformeerd te dink. "Christelike menseregte" is die gaatjie in die dyk, waardeur die verdrinkingsvloed kom. Daar is nog tyd om dit toe te stop...*

Ds. A.L.A. Buys ........ 2

★ **Die Ratifikasieproses**
*Die kerkraad weerstaan benewens die independentisme ook die sinodekrasie. As die enigste kerklike bestuursliggaam aanvaar hy besluite van van meerder vergaderings as sy eie eers na toetsing...*

Dr. J.G. Meijer ........ 4

★ **Die Heilige Engele van God**
*Ons leef in 'n tyd waarin daar hernude belangstelling in engele by kerke wêreldwyd voorkom. Baie boeke verskyn oor Engele. Pragtige boeke, maar ook snaakse boeke...*

Prof. L. Floor ........ 6

★ **Boekbekendstelling** ........ 7

## SKRIFOORDENKING: ROEPING

1 Sam 17:45: *"Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE van die leërskare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het."*

### Geroep tot aktiewe ampsdiens

Die geskiedenis van Dawid en Goliat is ongetwyfeld een van die bekendste gebeure in die Skrif. Dit is 'n gebeurtenis waaruit die koninklike majesteit van die Here heerlik en helder straal. Tegelyk word ons daarmee onderrig oor ons gelowige ampsbediening.

### Uitdaging

Goliat word in die Skrif voorgestel as 'n baasvegter in die Filistynse leër. Sy voorkoms is indrukwekkend. Buiten dat hy 'n reus is (hy is meer as drie meter lank !), hanteer hy die mees gevorderde wapentuig van daardie dae. Daarby beskik hy ook oor die vermoë om met sy woorde ontsag in te boesem.

Dit was Goliat se gewoonte om soggens en saans uit die Filistynse laer uit te trek en die leër van die Israeliete met sy geskreeu te beïnvloed. Die boodskap wat hy oordra, is duidelik: "Ek daag die slagordes van Israel vandag uit!" Hierdie uitdaging is meer as bloot sielkundige oorlogvoering. Goliat daag die "slagordes van die lewende God" uit. Hy daag God self uit. Hy sê teen die verbondsvolk en die Verbondsgod die stryd aan.

### Reaksie

Koning Saul en die manskappe van Israel se reaksie op Goliat se uitdaging is ontstellend. Hulle was verskrik en baie bevrees. Waarom? Omdat hulle hulleself blind gestaar het teen die goed gewapende heidense reus. Hulle vrees vir die mens oorheers hulle eerbied vir die lewende God. Niemand sien kans om die lasterende baasvegter te weerstaan nie. Koning Saul gaan selfs sover om 'n beloning uit te loof vir die man van die Godslasteraar verslaan. Dit getuig nie van moedige optrede in diens van God nie. Inteendeel, hier is ongeloofsreaksie op die blatante Godsonterende uitdaging.

### Roeping

As Dawid hoor wat in die kamp van die Israeliete gebeur, oorval verbasing hom. Wie is hierdie onbesnede Filistyn, dat hy die slagordes van die lewende God durf uitdaag? Waar is die Godsvrees van Israel dat hulle niks aan hom doen nie? Dawid begryp onmiddellik waarop die heiden se uitdaging neerkom. Dit gaan oor 'n klein mensie wat die ryk van Satan verkies om hom teen die almagtige God te verhef.

Ooreenkomstig sy geloofsinsig in die gebeure tree Dawid op. Hy maak geensins gebruik van Saul se wapens nie - dit sou beteken dat hy op die reus se vlak neerdaal en op sy terme teen hom sou stry. Dawid gaan die reus tegemoet in die Naam van die Here van die leërskare - met 'n eenvoudige slingervel en klippies. In dit alles wys Dawid dat hy as gesalfde koning in diens van die Here reeds verstaan wat sy roeping beteken. Die Here word beledig. In die Naam van die Here moet daar gestry word. Daardie stryd moet plaasvind met die wapens wat die Here daarvoor beskik. Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees - sê die Here van die leërskare.

### Aksie

Wie sy roeping voor die Here verstaan, verstaan ook dat daar tot kragdadige aksie oorgegaan moet word. Dawid het die reus tegemoet gegaan. Hy knoop die stryd aan met sy skaapwagterstoerusting. Die uitslag is oorweldigend. Die kragtige wapentuig van die heidense reus hou nie stand voor die eenvoudige werktuie van die Here se getroue ampsdraer nie. So het Dawid dan die Filistyn oorweldig met 'n slingervel en 'n klip.

### Roepingaksie versus uitdaging - reaksie

In sy eerste openbare optrede het Dawid laat blyk wat dit beteken om op sterkte van die Here se roeping tot vreeslose, beginselvaste aksie oor te gaan. Sy optrede staan lynreg teenoor Saul se vreesagtige reaksie op 'n heidense uitdaging.

Hierin spreek die Here al sy geroepe diensknegte - al sy kinders in hulle amp van gelowige - aan. Hy eis roepingsbewustheid. Dit staan teenoor passiewe wag op 'n uitdaging. Hy eis verder beginselvaste, positiewe aksie. Dit staan teenoor reaktiewe optrede wat deurgaans geken word aan negatiewe vrees, wat op sy beurt aangedryf word deur menslike willekeur. Die lewe van die gelowige is geen stryd om oorlewing nie. Dit is wel diensbaarheid aan die lewende God.
Die stryd behoort aan die Here. Die lewe behoort aan die Here. Die jaar 1998 behoort aan die Here. Dit is die gelowige se roeping om uit hierdie wete in Godsvrees te wandel.

WD

**Ds. G.J. Meijer** (Ermelo)

* * *

## DIE DERDE WEG - teen menseregte én teen diktatuur

Die debat oor die staanplek van menseregte in die leer van die Gereformeerde kerke verraai 'n behoefte, 'n versugting dat dit wel 'n eervolle staanplek verdien. Dit verraai ook die armoede van ons denke oor gereformeerde staatsreg. Prof. J.H. van Wyk beweer (Waarheid en Dwaling, Nov. 1997) dat menseregte primêr 'n staatsregtelike begrip is wat ons moet help om staatsabsolutisme te keer. Verder maak hy ook die stelling dat menseregte vir die gereformeerdes van lankal af 'n bekende begrip is soos eiendomsreg, ens.

Hiermee stuit mens op 'n paar probleme:

⋆ Menseregte is nie uit die Skrif gebore nie. (Terloops, die feit dat '85 se sinode - en die kerke daarna stilswyend - dit aanvaar het, wys net uit dat die ratifikasieplig van kerkrade nie funksioneer soos dit behoort nie.) En om menseregte nou in 'n christelike konteks te wil giet ten einde staatsabsolutisme te keer, is om met vuur te speel. Menseregte is nie primêr 'n staatsregtelike begrip nie. Menseregte is 'n godsdiens. Die erkenning van eindomsreg uit respek vir die agste gebod verskil tog wesenlik van die eiendomsreg wat menseregte bepleit. Hierdie eiendomsreg het met God se gebod - en sy eer dus - geen saak nie.

Natuurlik is magsvergryp en tirannie sondes wat voorkom moet word - maar is menseregte die GODERENDE aangewese weg daarvoor?

⋆ Daar is groot probleme met dit wat as regte gestel word. Het God regtig aan elke mens 'n Goddelike, onvervreembare reg gegee om te stem? Is dit nie alreeds die invloed van die Amerikaanse "sendingywer" om demokrasie regoor die wêreld te vestig nie? Al is die hele wêreld demokraties - word Christus meer vereer, word Hy beter gedien? Of het die wêreld maar net 'n kollektiewe afspraak gemaak om nie in te meng in mekaar se sondige wilsuitinge nie?

## Bruikleen

⋆ Teenoor menseregte moet die DIREKTE koningskap van Jesus Christus bely word. Die vraag kan gevra word of die fout nie al by Calvyn se denke oor die staatkunde ( Institusie, Boek 4.20 ) ingetree het nie? Calvyn se siening van 'n tweevoudige regering ('n tydelik en geestelike jurisdiksie) lewer probleme op. Hy sê "...dat die geestelike koninkryk van Christus en burgerlike orde onderwerpe is wat ver van mekaar verskil" (4.20.2, Simpson-vertaling). Calvyn lê klem op wet en orde en dat die owerheidspersoon deur God daar gestel is. Tereg is hy ook teen die doperse dwalings oor die staat, maar Calvyn sien die staat te veel as 'n "hulpmiddel" (4.20.3), 'n tipe nood-samelewingsverband. Die gevolg van dié siening in ons tyd kan wees dat, indien daar genoegsame burgerlike orde is, daar nie gereformeer hoef te word nie. Lê die wortel van die gereformeerdes se traagheid om die staat te reformeer, nie hier nie? Is dit nie die oorsaak dat menseregte nou op bruikleen by die gereformeerde leer moet inkom nie?

Menseregte soek die reg (wil) van die meerderheid sondaars vir hulle saamlewe, terwyl 'n gereformeerde staatsleer moet begin soek na Christus se regstreekse koningskap oor die staat (Vgl. hier die resensie van dr. Zuidema oor Zijlstra se boek "Tenzij - schriftuurlijke beginselen voor het staatsleven" by Bluijten & Schippereijn te Amsterdam, 1950. Asook Schilder se opsomming van die debat met die onderskeid "koningskap en koninkryk" van Christus in "De Reformatie" 17 Junie 1950, 25 nr.38). 'n Vry-staat is slegs waar Christus se direkte koningskap erken word. Die staat is tyds, maar is net so min as die huwelik 'n noodverband, 'n hulpmiddel net om verderf te keer. Die staat is nie iets wat net 'n na-sondevalse bedoeling het nie. God moet ook geëer word deur die burgers se saamlewe met mekaar NA GODS WOORD.

Die keuse is nie tussen demokrasie of tirannie nie. Daar behoort 'n derde weg gevolg word - die Koningsweg: Christus as Koning oor sy staat(e).

⋆ Menseregte bring die gedagte van naasteliefde weer na vore. In dié opsig, word Calvyn nou weer nie so sterk gevolg nie. Wat menslikheid (nie ubuntulike mede-menslikheid nie) betref, sê hy: "Diegene wat 'n medemens sulke hulpmiddels (d.i. die owerhede) ontneem, ontruk hom sy menslikheid" (boek 4.20.2).

## Implikasie van vryspraak

Wat is die implikasie van die vryspraak van Christus se soenverdienste en naasteliefde OP STAATKUNDIGE TERREIN? Die toelating van menseregte vir God se volk? Ek dink nie so nie. Christus se vryheid wat Hy ons skenk is altyd gerig op die eer van die Vader, en die hele menslike lewe, ook sy burgerlike saamlewe, is hier ter sprake. Dis juis hier waar menseregte christelike (Christus se) vryheid teenstaan. Gelowiges is vry om aan Christus gebonde te leef - ook as burger, en nie "vry" om in sonde uitspattighede soos aborsies, weggooi van die swaard, en afgodery te bedryf nie. (En menseregte kan nie christelik besnoei word om hierdie dinge nie te bevat nie, want menseregte gaan inherent oor hierdie "menslike" keuses).

## Wanhopig

Dit is wanhopig om te sê: ons het geen alternatief as gereformeerdes as om ons deur middel van menseregte teen staatsabsolutisme te beskerm nie. Dit is om te buig voor die Amerikaanse ideologiese nuwe koloniale ekspansionisme. Om te sê dat menseregte meer goed as sleg inhou, is nie goed genoeg nie. Dit is so goed as om in die sestiende eeu te sê daar is geen keuse as om die euwels van die Roomse kerk te duld nie, want daar is geen gereformeerde alternatief nie.

Vollenhoven het gesê dat Calvyn die kerk en enkeling sentraal voor God gestel het. Daarin het baie van ons Calvyn tereg gevolg. Hy het egter nie die volle pad uitgekap nie. Die sirkel van reformasie moet nog klaar. Ook die staat moet nou sentraal voor God gestel word. Christus is die Hoof van die heelal. Dit het implikasies vir die staatsreg. Reformata semper reformanda (reformeer, altyd reformerende). Dan soek ons nie eers altenatiewe uitweë nie. Ons begin dink oor die implikasies van Christus se regstreekse gesag.

## Braak grond

Vanselfsprekend lê die grond braak. Maar daarom het ons juis manne met die begenadigde kapasiteit

van prof. Van Wyk nodig - nie om menseregteleengoed af te wit vir kerklike gebruik nie, maar om te begin met 'n ware gereformeerde staatsregtelike beskouing. Is dit nie waaraan die wêreld so 'n nood het nie? Is dit nie juis die implikasie van ons naasteliefde nie? (Wie hier 'n heuningkwas sien, verstaan nie werklik hoe arm gereformeerde denke oor hierdie saak is nie.) Ons het mekaar nodig. Ons het soveel in gemeen. Ons deel die Gees van ons Here Christus. Omdat ons as gereformeerdes nie weet wat om met tiranne te doen nie, moet dit tog nie verdeeldheid met buite-bybelse menseregte bring nie.

Laaste woorde is nog ver. Maar 'n nuwe tydvak moet in die gereformeerde kerke aanbreek. Werklike beleefde eenheid in Christus - ook op akademiese staatsregtelike terrein - waar ons mekaar dien omdat Christus ons liefhet. Laat ons die moue oprol. Laat ons mekaar se hande sterk maak. Laat ons saam tot Christus se eer biddend dink wat dit behels dat Christus ons - ook as burgers - vrygekoop het van alle slawebande.

## Wrange vrugte

Prof. Van Wyk tas die gereformeerde beginsel in die hart aan deur meneseregte te wil oorneem. Daar is geen alternatief vir menseregte nie, want Christus is geen alternatief nie. Hy is die Waarheid. Prof. Van Wyk, ek herhaal dit, doen die kerke skade aan om menseregte as oplossing voor te stel. Die vrugte van menseregte is wrang en gaan al wranger word. Beoordeling van vrugte is nie 'n (groot) oordeel oor iemand se saligheid nie. Dit is 'n broederlike vraag na die liefde vir die kerk, wat ook staatsregtelik teen diktature in die koningskap van Christus gelei en begelei moet word.

Dit gaan hier oor die roeping om gereformeerd te dink. Ons mag nie kapituleer nie. "Christelike menseregte" is die gaatjie in die dyk, waardeur die verdrinkingsvloed kom. Daar is nog tyd om dit toe te stop. Die geskiedenis sal sy oordeel fel oor die vraag of ons in die krisis gereformeerd gebly het.

God, die Heilige, roep ons om in 'n menseregtekultuur sy koningskap oor die staat te bely. Dis roeping. Dis liefde. Dis leiding.

Jesaja (6:8) hoor die Heilige roep: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan?

Wie sal voor God roepingsgetrou die staat reformeer, wie sal 'n gereformeerde staatsleer bedink?

En wie sal antwoord: Hier is ek, stuur my?

A.L.A. Buys

WD

* * *

## DIE RATIFIKASIEPROSES

Die HERE bind sy plaaslike kerke saam en roep hulle om in kerkverband saam te lewe. Afgevaardigdes na meerdere vergaderings mag nie in die minste die regeerbevoegdheid van die kerkraad, die enigste kerklike bestuursliggaam wat ons Here ingestel het, aantas nie. Plaaslike kerke moet alles in die werk stel om die eenheid van die kerke in die waarheid te bewaar. Om aan altwee hierdie opdragte te voldoen het gereformeerde kerke ooreengekom, dat die kerkraad besluite van meerdere vergaderings wat nie met die Skrif of kerkorde stry nie, as vas en bindend sal hou. Kortliks gesê, sal kerkrade die genoemde besluite ratifiseer. Die vorige artikel in hierdie reeks het op die ratifikasie-plig gewys.

Hierdie artikel, wat die reeks afsluit, handel oor die ratifikasieproses wat in vier stappe verloop. (Vir kennisname van die aktiwiteite wat by elke stap verrig behoort te word, vergelyk die studie "Ratifikasie en die gereformeerde kerkreg" van ds. G.J. Meijer, p 183-186).

## Wat is ratifikasie ?

Die woord ratifikasie is 'n samestelling van twee Latynse woorde: ratum facere, wat "geldig maak" beteken. Ratifikasie is 'n regsbegrip wat aandui dat 'n lasgewer (sender) die werksaamhede wat hy aan sy lashebber (gestuurde, gesant, afgevaardigde) opgedra het, na goedkeuring regsgeldig maak. Die term ratifikasie kom egter in ons kerkorde nie voor nie.

Die Latynse teks van die Dordtse kerkorde het in artikel 31 nie die woorde "ratum facere" (geldig maak) nie, maar "ratum habere" (as geldig hê, hou of besit). Ook in die geldig hou gaan dit oor 'n lasgewer wat die werksaamhede van die lashebber (afgevaardigde toets), en na beoordeling goedkeur ens. Kerkrade wat besluite van meerdere vergaderings as vas en bindend hou, maak die besluite nie geldig nie, maar hou, besit dit as geldig. Ratihabisie is dus 'n beter weergawe van artikel 31 as ratifikasie. Aangesien ratifikasie 'n ingeburgerde term is, gebruik ons dit maar in die betekenis van ratihabisie.

## Toetsing van die kerklike besluite

Die eertse stap in die ratifikasieproses is die toetsing van besluite wat meerdere vergaderings geneem het. Is dit nodig om die besluite van die meerdere vergaderings te toets? Sekerlik. "Alle mense (ook afgevaardigdes) is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self" (Ps 62:10). Kerklike vergaderings kan dwaal. Daarom moet kerkrade die besluite van hulle afgevaardigdes toets en sodoende voldoen aan die Skriftuurlike opdrag: "Stel die geeste op die proef of hulle uit God is" (1 Joh 4:1 en N.G.B. art. 7).

'n Kerkraad kan sommige besluite nie toets nie. Die uitspraak van 'n nasionale sinode oor 'n appelsaak wat nie in die betrokke partikuliere sinodale ressort

gedien het nie, val buite sy beoordelingsraamwerk. In so 'n geval neem die kerkraad net kennis van 'n sinode-uitspraak. Dit gaan in hierdie artikel net oor besluite wat deur die kerkraad getoets kan word.

Nie alleen besluite van meerdere vergaderings nie, maar ook besluite van kerkrade moet in die lig van die genoemde voorskrifte in die Bybel getoets word. Belydende lidmate maak nie deel uit van 'n skare wat nie die wet ken nie, maar beklee die amp van die gelowige. Hulle behoort as gesalfde profete die werksaamhede van die kerkraad te toets. Artikel 31 gee die maatstawwe wat by die toetsing, gebruik word: Die Skrif en die kerkorde.

## Die kerkraad oordeel die geldigheid van besluite

Aan die einde van die toetsing vorm die kerkraad 'n oordeel. As hy ratifiseer, kom die kerkraad tot die oordeel dat 'n besluit van 'n meerdere vergadering nie met die Skrif of die kerkorde stry nie. Dan maak die kerkraad so 'n besluit nie geldig in die letterlike betekenis van die woord ratifikasie nie. Nee, dit is geldig, omdat die afgevaardigdes die wil van die Here vertolk het. Die kerkraad oordeel dat die betrokke besluit geldig is vanaf die oomblik dat die afgevaardigdes dit geformuleer het.

Aan die einde van die genoemde twee stappe in die ratifikasieproses kom die kerkraad uit by sy gunstige oordeel oor dit wat die afgevaardigdes gedoen het. Die besluit wat die kerkraad getoets en beoordeel het, is in hierdie stadium egter nog steeds die besluit van die meerdere vergadering, 'n besluit van afgevaardigdes.

Om nie die verhouding lasgewer en lashebber uit die oog te verloor nie, karakteriseer Calvyn die uitspraak van 'n meerdere vergadering as ... 'n voorwaardelike oordeel. Met die oog op uitsprake van konsilies merk hy op dat hy "graag wou hê dat die besluit waaroor gehandel word, noukeurig aan die Skrif getoets moet word - en dit op so 'n manier dat die besluit van die konsilies sy eie gewig moet dra en as't ware 'n voorwaardelike oordeel moet wees." (Institusie, 4.9.8, vertaling H.W. Simpson, p 1454).

Die voorwaardelike oordeel van die meerdere vergadering in die woorde van Calvyn word in die volgende stap van die ratifikasieproses die besluit van die kerkraad.

## Die kerkraad aanvaar geldige besluite

Die derde stap in die ratifikasieproses is die aanvaarding van 'n geldige besluit wat afgevaardigdes geneem het. Na toetsing van en sy goedkeurende oordeel oor die handelinge van die gesante spreek die kerkraad uit dat hy die geldige besluite as sy eie aanvaar.

In die aanvaarding van besluite van meerdere vergaderings deur die kerkraad word sowel sinodokrasie as independentisme afgeweer. Die hele proses van ratifikasie impliseer afwysing van independentisme wat met uitsprake van die wyer kerkverband en m et gesamentlik aanvaarde kerkorde maak wat hy wil.

Die kerkraad weerstaan benewens die independentisme ook die sinodokrasie. Hy erken nie die klassis en sinodes as bestuursliggame wie se besluite hy moet uitvoer nie. Nee, hy handel met uitsprake van meerdere vergaderings as besluite van afgevaardigdes. As enigste kerklike bestuursliggaam aanvaar hy besluite van meerdere vergaderings as sy eie eers na toetsing en na sy beoordeling dat dit nie met die Skrif en die kerkorde stry nie.

Die kerkraad beëindig die aanvaarding van 'n besluit met voorligting daarvan aan die gemeente op die wyse waarop hy al sy ander besluite wat nie 'n vertroulike karakter dra nie, aan die broeders en susters bekendstel. Lidmate wat hulle amp van gelowige verstaan en bedien, het fyn voelhorings vir afwykende gevoelens en uitsprake. Die skape volg die goeie Herder, omdat hulle sy stem ken (Joh 10:4).

## Die kerkraad besluit om sy eie besluit uit te voer

In die vierde en laaste stap van die ratifikasieproses besluit die kerkraad hoe die besluit van die meerdere vergadering, wat hy na toetsing en gunstige beoordeling as sy eie besluit aanvaar het, uitgevoer kan en moet word. Die uitvoerbesluit lei tot daadwerklike optrede en geloof en gehoorsaamheid aan die Here.

Die "tensy" in artikel 31 van die kerkorde

Ons keer terug na die eerste stap van die ratifikasieproses, die toetsing van die besluit van 'n meerdere vergadering. Die kerkraad kom tot die oortuiging dat die betrokke besluit in stryd is met Gods Woord of die kerkorde. Wat moet hy nou doen?

Ook in hierdie geval volg daar na toetsing nog drie stappe. In die eerste een beoordeel die kerkraad die betrokke besluit sorgvuldig. Die strydigheid van die besluit met die Skrif of die kerkorde word noukeurig vasgestel. Die kerkraad oordeel op grond van sy bevindings: die besluit is ongeldig. Dit spreek vanself dat 'n ongeldige besluit nooit as 'n eie besluit van die kerkraad aanvaar mag word nie.

Die volgende stap in hierdie proses is wat artikel 31 die bewys noem. Die kerkraad bewys in die lig van sy bevindings tydens die vorige stap met vers en kapitel dat, en waarom, 'n besluit van 'n meerdere vergadering ongeldig is.

Dan volg die laaste stap: Die kerkraad lê die bewys van ongeldigheid aan die meerdere vergadering voor. Hy vervul hiermee 'n liefdesplig. Kerkraad A wat 'n besluit nie as vas en bindend mag hou nie, wys kerke B-Z daarop dat hulle dit in die diens van die Here ewe min mag doen.

Wat daarvan as die kerkraad ten onregte geoordeel het dat 'n besluit ongeldig is? Die eersvolgende klassis waar hy sy bewys voorlê, sal - as die afgevaardigdes in geloofsgehoorsaamheid oordeel - die ondeugdelikheid van sy bewys aantoon. En in die gereformeerde kerkraad sal hierdie klassisbesluit ratifiseer en besluit om sy eie bewys van ongeldigheid te herroep.

## Saamhorige kerke

Gereformeerde kerke behoort saam op die een fondament van apostels en profete te bou. Hulle wys sowel sinodokratiese as independentistiese optrede in die kerkverband af. Ons glo as gereformeerde lidmate dat die kerke saamhorig is en tot samehorigheid geroep is. Saamhorig: hulle behoort saam aan Christus wat sy kerke met sy bloed gekoop het. Hy bind sy kerke saam. Tot samehorigheid geroep: Hulle hoor saam die stem van die Opperherder en volg Hom.

Dit beteken konkreet: Gereformeerde kerke belowe aan mekaar om geldige besluite wat afgevaardigdes in meerdere vergaderings geneem het, na toetsing en beoordeling as hulle eie besluite te aanvaar en uit te voer. Hulle sal ongeldige besluite nie as hulle eie aanvaar nie, maar die bewys aan die meerdere vergadering voorlê. So buig die kerke saam die nek onder die sagte juk van Jesus Christus (NGB, art. 28).

Die nasionale sinode van 1997 het besluite geneem en die sinode bestaan nie meer nie. Die sinode het volgens die Skrif, die belydenis en die kerkorde nie die laaste woord nie. Dit is in hierdie artikelreeks genoegsaam aangetoon.

Die bal is nou aan die kant van die ratifiserende kerkrade. Die acta van die laaste sinode sal etlike honderde bladsye beslaan. 'n Blad soos hierdie kan in die amp van gelowige bystand verleen deur resultate van toetsing en beoordeling deur kerkrade en lidmate te publiseer, sodat die een van die ander se werksaamhede kennis neem en inspannende en tydrowende toetsingswerk nie onnodig gedupliseer word nie. Mag die Koning van die kerk gee dat al sy plaaslike kerke, kerkrade en lidmate, by ratifikasie van die sinodebesluite eerbiedig en aandagtig luister na sy stem. (WD)

Dr. J.G. Meijer (Pretoria)

* * *

# DIE HEILIGE ENGELE VAN GOD.

Is daar engele in die kerk? Hoe weet ons dit? Ons kan hulle immers nie sien nie. Daar is engele in die kerk, soos ons weet as ons hulle toesing uit ps 103:20, en hulle oproep en aanmoedig: "Loof, loof die Heer, o al sy leërmagte, o engele, wat met willige heldekragte die woord volbring wat uitgaan uit sy mond." Hulle is saam waar die kerk is. Kennis en geloof oor die engele, nie in die engele nie, is bedoel om die geloof in die God wat engele stuur, te verryk en te verdiep onder leiding van die Heilige Gees.

Ons leef in 'n tyd waarin daar hernude belangstelling in engele by kerke wêreldwyd voorkom. Baie boeke verskyn oor engele, oor mense wat engele gesien het, oor engelverskyninge, asook die taak en opdrag van die engele. Pragtige boeke, maar ook snaakse boeke.

## Verstandteologie

Daar was 'n tyd toe daar 'n vraagteken geplaas is agter die bestaan van engele. Dit werk so: ons is deur geboorte begiftig met verstand, maar dit is deur die sonde verduister. Ons kan egter nog dink, ons het verstand van die Here gekry en ons moet dit ook gebruik. Die verstand moet wel geheilig word deur die Heilige Gees, maar ons kan dink. Deur wedergeboorte het ons die gawe van geloof gekry. Nou is daar die gevaar dat jou verstand gaan heers oor jou geloof. Dit moet juis ongekeerd wees, jou geloof moet leiding gee aan jou verstand. 'n Paar eeue gelede het daar in die denkwêreld van Wes-Europa 'n verandering gekom: die verstand het meer en meer begin heers oor die geloof. En die geleerdes het gesê dat jy net dit wat jy met jou verstand kan deurgrond, moet glo. Jou verstand sê mens kan nie op water stap nie, dus het Jesus nie op die meer van Galilea oor die water geloop nie. Daar word ook baie wonders in die Bybel beskrywe en jou verstand sê mos dit kan nie wees nie - hoe kan 'n dooie soos Lasarus uit die dood opstaan? Jou verstand sê nog nooit het 'n dooie uit die graf opgestaan nie. Dit noem ons die tyd van die rasionalisme, van die verstandteologie, dat die verstand heers oor die geloof.

Dan het ons twee dinge gekry, iets in die agtiende eeu en in die negentiende eeu. Omdat die verstand oor die geloof gaan heers het, het die mens die onderskeid tussen engele en mense uitgewis. Hulle sê engele bestaan nie, daar is geen verskil tussen engele en mense nie, engele is slegs 'n idee. In die negentiende eeu het dit nog verder gegaan en het hulle ook die onderskeid tussen mense en diere uitgewis. Mense sou van die ape afstam (Darwin).

Maar nou het ons die merkwaardige dat jy het nie slegs 'n verstand en 'n wil gekry het nie, maar ook gevoel. En nou leef ons in 'n tyd dat die gevoel heers oor verstand en wil. En daarom is dit so belangrik dat ons leer hoe om dinge Bybels te benader, en dat ons vertrekpunt neem by die geloof, en ons geloof laat heers oor ons verstand en ons gevoelslewe. Omdat die verstand weer 'n klein bietjie op die agtergrond geskuif het, het daar weer belangstelling gekom in die engele. Want die moderne mens is moeg van die verstandgodsdiens. En daar is weer 'n terugkeer na die Bybel. Ook na wat die Bybel oor engele sê.

## 1500 Engelverskynings

Bestaan engele? Ja, want die Bybel sê dit. Ons moet egter versigtig daarmee wees. Daar is 'n mediese doktor in Nederland, dr. Rodenburg, wat 'n

advertensie geplaas het in die dagblaaie en gevra het: wie het 'n engel gesien het? Verder het hy gevra dat daar met hom in verbinding getree moet word, indien dit so was. Daar was 1500 oproepe. Hy maak toe die merkwaardige opmerking: "In 1995 het meer engele in Nederland verskyn as in die hele Bybel." Dit is natuurlik snaaks. En daarvoor moet ons versigtig wees, want jy kan jou ook verbeel dat jy 'n engel gesien het. Daarom moet ons slegs na die Bybel luister.

Ons Here Jesus verwys dikwels na engele. In die evangelies is daar 42 verwysings. In Handelinge ontmoet ons 21 keer engele. Paulus praat' in sy briewe 28 keer oor engele. En in die laaste Bybelboek, Openbaring, word bykans op elke bladsy van engele gepraat. (Verskilende soorte engele - engele van die gemeente, engele voor die troon, ens).

## Wat is 'n engel?

'n Engel is net soos 'n mens, 'n dier, 'n plant 'n skepping van God. God het hulle geskape. In Kol 1:16 staan: "Want in Hom (Christus) is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye, owerhede en magte." Daar is op aarde dinge geskape, maar daar is ook dinge in die hemele geskape. Wat op aarde geskape is, is sienlik, en so sê Paulus, wat in die hemele is, is onsienlik, nl. die trone, heerskappye, owerhede, magte. Daar is dus vier verskillende benaminge vir die engele van God. Hulle bestaan, maar is onsienlik, saam met hulle prys ons God die Here en hulle is ook ten dienste van die die kerk. Dit sê die Hebreër-brief baie duidelik.

Heb 1:14 is 'n sleutelteks oor die engele "Engele is dienende geeste deur God uitgestuur vir hulle wat die saligheid gaan beërwe." As ons gelowiges is, en ons gaan die saligheid beërwe, dan staan die engele in ons diens. Hulle is vir ons uitgestuur.

## Dienende geeste

Dit bring ons dadelik by die vraag: Is daar ook beskermengele, het ook elke mens en in die besonder ook elke kind 'n beskermengel?

Engele is dienende geeste, dus sonder 'n liggaam, wat deur God uitgestuur word. Hulle is in diens van God maar ter wille van die gelowiges, van hulle wat die saligheid gaan kry. Alhoewel engele onsigbaar is, is daar tog mense wat engele gesien het. Die Bybel is vol daarvan. Abraham het bv. huisbesoek gehad van engele, die ouers van Simson het 'n engel gesien, Sagaria in die tempel het besoek gekry van 'n engel. 'n Engel kan hom dus manifesteer, kan hom sigbaar maak in menslike gedaante.

Het hy vlerke of nie? Ja en nee: In die algemeen nie, want as hy in menslike gestalte verskyn, het hy nie vlerke nie, maar daar is bepaalde engele wat wel vlerke het. Jesaja 6 praat van die gerubs voor die troon met ses vlerke, waarmee hulle hulle oë kan bedek, waarmee hulle hulle voete kan bedek, en waarmee hulle kan vlieg.

## Môresterre

Wanneer is die engele deur God geskape? Daaroor is by geleerdes verskil van mening. Sommige sê die engele is geskape voordat die hemel en die aarde geskape is, dus in die begin. Maar dit weet ons nie. Maar daaroor gee die Bybel wel aanduidings. Ons weet wel dat hulle geskape is voor die vierde dag. Dit vind ons in die boek Job (38:7). God vra vir Job waar hy was toe God die fondamente van die aarde waarop die berge rus, neergelê het. Toe was die engele daar en hulle het gestaan en juig. "Toe die môresterre saam gejubel het en die seuns van God gejuig het." Hier word die engele "môresterre" en "seuns van God" genoem. Wanneer presies weet ons nie, maar hulle was daar met die skepping.

Nou is dit moeilik om die wese van 'n engel te bepaal. Ons kan enigsins 'n aanduiding kry as ons kyk na die betekenis van die woord "engel". Dit beteken "boodskapper", of "bode', of "gesant". Wat ons wel weet, is dat hulle net soos ons begiftig is met verstand. (Ps 103:21). Dan is engele ook sterk, begiftig met krag, kragtige helde wat sy Woord volbring (ps. 103). Hulle is ook begiftig met wysheid. Daar is 'n groot generaal in die weermag van koning Dawid, Joab, wat met die koning praat, dan sê hy vir die koning: "majesteit, u het die wysheid soos van 'n engel van God (2 Sam 14:20).

## Engeletaal

Engele kan ook praat. Dit vertel Paulus vir ons in daardie pragtige hooglied oor die liefde in 1 Kor 13:1 waar hy praat van die tale van mense en van engele. Engele het ook 'n taal, ons weet nie watter taal nie, en hoe hulle kommunikeer nie, of dit ook 'n grammatika is, dit weet ons nie. Maar 'n woordeskat sal hulle ongetwyfeld hê en dit sal 'n pragtig gestruktureerde taal wees. Dit is 'n misterie, maar hulle kan praat, trouens daar is engele wat met mense praat. Bv. met Sagaria in die tempel, heelwaarskynlik in Aramees of Hebreeus (die taal van die tempel). Hulle het ook 'n stem, met hulle stem loof hulle God ewig voor die troon.

En hulle kan ook bly wees. En as 'n gelowige 'n lelike sonde gedoen het, en daar is bekering daarvan, dan is die engele bly, want daar staan in Lukas 15 dat die engele bly is selfs oor een sondaar wat hom bekeer. (WD)

Prof. L. Floor

* * *

## BOEKBEKENDSTELLING

**Met ons erfenis die toekoms in** - 'n versameling referate gelewer op 'n simposium van die Forum vir Gereformeerde Afrikaners, 21-22 Maart 1997, te Potchefstroom. Redaksie: G.J.C. Jordaan en A. Juyn. Uitgewers: Die Forum vir Gereformeerde Afrikaners,

Posbus 525, Potchefstroom, 2520. ISBN 0-620-21869-X.

Dr. C.F.C Coetzee, die voorsitter van die Forum vir Gereformeerde Afrikaners, stel in die voorwoord dat die gespreksgroep twee terreine geïdentifiseer het om indringende gesprek onder gelowige Afrikaners te stimuleer, nl. dat daar weer erns gemaak word met Bybelse waardes en norme, en tweedens dat die forum instrumenteel wil wees in 'n groeiproses tot ware eenheid onder Afrikaners.

Die volgende referate is gelewer:

⋆ Calvinisme en Afrikanerskap - wese, verhouding, roeping deur Dr. C.F.C. Coetzee. Hierin trek hy vanuit die historiese situasie lyne na die toekoms.
⋆ Geestelike bedreiging van die Calvinisme. Prof. S.A. Strauss. Die humanisme, sekularisme en post-modernisme word as bedreigings uitgelig.
⋆ Geskiedenis, identiteit en toekoms van die Afrikaners. Prof. Bouke Spoelstra. Hierin kom hy tot die gevolgtrekking dat maatskappye wat op 'n Afrikanersentiment gebou is, geld moet terugploeg op kulturele terrein.
⋆ Die Afrikanervolk en volkereverhoudinge. Prof. H. Van der Wateren. Vanuit die die volkekunde word 'n toekomsvisie gegee oor volkereverhoudinge.
⋆ Die Afrikanerjeug. Dr. Douw Breed. Hierin word die kwesbaarheid maar ook die weerbaarmaking van jongmense bekyk.
⋆ Die Afrikanerjeug en onderwys. Ds. S.A. Cilliers. Vanuit die verbondsperspektief word gekyk na die huidige onderwyswet en -opset. Teen 'n kerkskool en volkskool word 'n verbondsouerskool bepleit.
⋆ Die reg van 'n gelowige volk tot verset teen die owerheid. Prof. Christi Coetzee. Belangwekkende beginselriglyne word uit die Skrif oor hierdie saak gegee. Die gevolgtrekking is dat elke gelowige geroep is om hom te onderwerp aan die owerheid, terwyl grensoorskreiding van die owerheid se kant met verset begroet kan word. Oor die graad van verset word nie 'n uitspraak gelewer nie.
⋆ Samevatting van die simposium. Prof G.J.C. Jordaan. Hy stel o.a: "Die Calvinisme word in ons tyd verduister deur allerlei kwasi-Calvinistiese bewegings wat vreemde denkbeelde en strewes wederregtelik aan die Calvinisme probeer koppel. Vyandiggesindes skep ook allerlei karikatuuragtige voorstellings van die Calvinisme, tot so 'n mate dat dit oorweeg moet word of die Calvinisme in geheel eerder met 'n nuwe naam benoem moet word wat nie met 'n bepaalde etiket of drogbeeld belas is nie."

Nadat 'n verklaring voorgelê word, word aandag gegee aan die praktiese uitvoering van wat op die seminaar gesê is. Dit sluit o.a. in:
- die reël van toerustings- en opleidingsgeleenthede, gespreksgroepe,
- die reël van jeugkampe,
- die koördinering van nuwe publikasies, waar Bybels-Calvinistiese beginsels uitgespel word,
- om inisiatiewe van stapel te stuur om 'n soort volksdiensplig vir jongmense daar te stel op die beginsel van 'n Kibboets of Moshav.
- om ook op ekonomiese en kulturele terrein die Calvinistiese beginsels uit te leef.

WD


# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ........................................

Adres:........................................

........................................

........................................

Poskode:..................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar

Vrywillige Donasie:........................................

Datum:.......................... Handtekening:..........................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a Ds. A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u


GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS